# Weiding in die winter

*deur dr Wayne Truter, weidingkundige, departement plantproduksie en grondkunde, Universiteit van Pretoria*

Ter voorbereiding van die komende winter wil die meeste weidingsboere 'n situasie hê waar:

- Die meeste natuurlike subtropiese weidings lig bewei word, sodat die plante reserwes kan opbou om vinnig te kan herstel tydens die lentegroeitydperk.
- Aangeplante weidings al gesny is vir hooi of kuilvoer om die voerbank vir die winter aan te vul wanneer weidingsgehalte in somerreënval en rypgevoelige gebiede laag is.
- Alle weidings vir staande hooi goeie bemesting en goeie groei gehad het.
- Gematigde weidings reeds gevestig is indien ekstra grond en voldoende besproeiing beskikbaar was.
- Bestaande en nuwe weidings in winterreënvalgebiede gevestig is en goed bemes is.

Met die afname in temperatuur en reënval in somerreënvalgebiede, tesame met die verandering in dagliglengte, word verwag dat subtropiese grasse aan die einde van hulle aktiewe groeitydperk is en dat die groeitempo van gematigde grasse toeneem. Dit geld vir beide natuurlike en aangeplante weidings.

## Natuurlike veld

In meeste gevalle waar natuurlike veld die afgelope jaar 'n gemiddelde reënval ontvang het en die laaste maand konserwatief bewei is, kan verwag word dat in beide soet- en suurveld daar genoegsame plantmateriaal beskikbaar sal wees om met die nodige aanvullings, mineraallekke (indien nodig), groenvoer, aangeplante winterweidings, kuilvoer, hooi of oesreste diere deur die winter sal neem. Hierdie stelling sal ook dus afhang van die huidige toestand van die natuurlike weiding weens die bestuur en benuttingsintensiteit van vorige jare.

Sodra ryp waargeneem word in veral somerreënvalgebiede waar gras die oorheersende plantegroeikomponent van die veld is, sal die meeste grasse in 'n dormante stadium ingaan. Indien die plaas ingerig is of die nodige infrastruktuur en beplanning in plek is, kan die dormante weidings met behulp van hoë veeladings goed benut word.

In soetveldgebiede moet egter seker gemaak word dat die graskomponent genoegsaam is om hoëdrukbeweiding toe te pas sonder om die weiding te straf te bewei en die veld te versteur.

## Aangeplante weidings

Dié tyd van die jaar kan aangeplante weidings die oorlewingsbron vir die diere op die plaas wees. Anders as die weidings wat al gesny is vir hooi vir die voerbank, kan die weidings wat bestem is vir staande hooi, benut word sodra die gras dormant is.

Die benuttingsmetode van die staande hooi hang af van die plaas se infrastruktuur en die beesproduksiestelsel. Indien kuddes uit verskeie groepe diere bestaan, behoort diere met die hoogste behoefte eerste in die weiding geplaas word, gevolg deur die ander diere volgens hulle laer behoeftes. Met hoë veeladings van die verskillende groepe diere kan 'n maksimum benutting van die staande hooi verwag word.

Waar plase verskillende soorte diere aanhou, sal dit belangrik wees om eerstens beeste te gebruik om te bewei, gevolg deur die skape wat beter kan selekteer. So kry 'n mens 'n gebalanseerde ontblaring van die gras. Hierdie soort stelsel werk veral goed op gemengde weidings van grasse en peulplante.

Met winterweidings sal gematigde eenjarige aangeplante weidings (soos raaigras, hawer of rog), wat in bestaande weidings in Maart en April gevestig is of oorgesaai is, binnekort bewei of gesny word indien goeie bemestings en besproeiingspraktyke die afgelope twee maande toegepas is. Die groeitempo van bestaande meerjarige aangeplante weidings sou nou al toegeneem het en goeie produksie gelewer het net voor die koudste tye van winter, waar meeste grasse se groei tydelik stagneer. Sodra die wintertemperature begin toeneem, sal die groei weer hervat word en goeie produksie geskied.

## Kwartaalbeplanning

Met betrekking tot ons beplanning vir die volgende drie maande, moet ons op die volgende aspekte fokus:

- Handhawing van 'n konserwatiewe veelading om 'n lae druk uit te oefen op die natuurlike weiding totdat die weidings dormant raak.
- Hoëdrukbeweiding kan dan toegepas word om die optimale benutting van die weiding te verseker.
- Sekere aangeplante weidings kan nou in stroke bewei word of as groenvoer geoes word, gevolg deur 'n opvolg bemesting en besproeiing.
- Indien gematigde weidings bewei word, maak voorsiening vir gras uit die voerbank om vesel te verskaf aan die herkouer se dieet tydens daardie weiperiode, om goeie vertering te behartig.
- Brandbane moet nou voorberei word vir onbeplande en beplande brande teen die einde van winter.

Vir meer inligting or navrae, kontak Wayne by sel 083 470 3964 of e-pos wayne.truter@up.ac.za VP